Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Liefderykste Sielekenner

Wat beteken hierdie Naam van Allah vir my as mens?

Allah het my lief.

Allah het my meer lief en gee meer vir my om as enigiemand op die hele aarde.

Allah kyk na my met liefde, met begrip en met waardering vir wie ek is, en Hy verstaan hoekom ek is wie ek is... en doen wat ek doen.

As ek lag dan sien Hy die vreugde in my hart... of as ek lag terwyl my hart eintlik huil dan sien Hy die trane in my hart... en Hy gee om...

As ek bekommerd is dan weet Hy reeds lankal hoe ek voel en wag Hy net vir my om my vertroue in Hom as die oplosser van my probleme te verklaar, sodat Hy kan ingryp, sodat Hy kan begin om my omstandighede te verander...

Want Allah sien my trane, maar Hy reageer op my geloof... my geloof in Hom beweeg Allah tot verhoring van my gebede... my uitroepe om hulp in trane en angstigheid.
Ek dink vir my is hierdie die mooiste Naam van al die Name van Allah... en vir jou?

Het jy geweet dat Allah so sensitief, so oplettend, so meelewend en so sag en liefdevol is teenoor jou? Wel, nou kan jy nog meer glimlag en lewe: lewe in Sy begrip, in Sy omgee vir jou en in Sy liefde vir jou.

Gebed: O my Allah, dankie dat U ook vir my die Liefderykste Sielekenner is, die Een wat tot binne in die diepste dieptes van my hart kan sien en verstaan, en my liefhet en aanmoedig om elke dag dieper en dieper in U liefde in te groei sodat ek U wil in my lewe beter kan verstaan en beter daarmee kan saamwerk. Want ek het U ook lief omdat U my eerste liefgehad het, omdat U my aanvaar vir wie ek is. Amen

Enkele Versverwysing:

Koran 6:103 “Geen beeld wat die mens in Sy geestesoog sien kan Allah begryp of verstaan nie, terwyl Hy alle beelde van die geestesoog verstaan en begryp: Hy is alom die Liefderykste Sielekenner, die Albewuste.”